Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 12 /02 2021

Geagte Ouers/Voogde

Baie welkom terug aan u en u kinders. Ons vertrou dat dit ‘n baie suksesvolle akademiese jaar sal wees en wens almal voorspoed en sterkte toe.

1. **Bedankings:**
   - Baie dankie aan me. Theretia Strydom wat vir die skool ‘n mat geskenk het. Ons waardeer hierdie groothartige gebaar.
   - Baie dankie aan Kloof Apteek wat 35 liter handsaniteerder aan die skool geskenk het. Dit is ‘n riem onder die hart as die plaaslike ondernemings die skool se belange op die hart dra.

2. **Finansies:**
   Skoolfonds:
   Ten einde enige onduidelikheid rakende die betaling van skoolfonds vir 2021 uit die weg te ruim, die volgende:

   Die skoolfonds is tydens die algemene jaarvergadering op R1075,00 per kind per maand vir 10 maande vanaf Februarie tot November 2021 vasgestel. Die reëling geld vir ouers wat maandeliks betaal. Die bedrag is goedgekeur deur die ouers wat die algemene jaarvergadering bygewoon het, en daar kan nie van afgewyk word nie. Die skoolfonds kan nie gehalveer word nie a.g.v. die voorgeskrewe reël deur die Dept. van Onderwys, dat daar sosiale afstand tussen leerders moet wees ten einde Covid 19 besmetting te voorkom. Die skool is afhanklik van alle ouers se finansiële ondersteuning om die deure oop te hou en kwaliteitonderrig aan u kinders te verskaf. Die alternatiewe dae wat ‘n kind nie skool bywoon nie, ontvang hy/sy huiswerk wat gedoen moet word – dit is nie ‘n vakansiedag nie. Ons vertrou dat ons op ouers se samewerking in die verband kan staatmaak.

   Vorms vir verminderde skoolfonds kan by mev. Mattheus gekry word en moet **Vrydag, 19 Maart**, terugbesorg word. **Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.**

   Busgeld – 1ste kwartaal 2021:
   Misgund: R1 456,00 per kind
   Louterwater: R1 302,00 per kind
   Krakeel: R 1148,00 per kind

herotel IGEN

Die busgeld vir die eerste kwartaal is verminder, aangesien die skool later as beplan, open.

Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
ABSA
Rekeningnommer: 1970 430047
Takkode: 334415
Tipe rekening: Tjek
Verwysing: Kind se naam en van

3. **Klerewinkeltye:**
Donderdae: **14:30 – 15:00**
Die klerewinkel sal egter op Woensdag, 17 Februarie, oop wees en nie op Donderdag, 18 Februarie nie, a.g.v. 'n departementele vergadering. Alle aankope is streng kontant. Geen verkope sal gedurende skooltyd of op ander dae plaasvind nie.

4. **Covid:**
Praktiese reëlings 2021 :

Prosedure voor skool:
Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:
- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:
Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:50 – 12:40
3, 7, 8, 10, 11	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40
4, 5, 6, 9, 12	Skuifhek (Pfaffstraat)	Skuifhek (Pfaffstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40

Graad 1,2,3:
- **Graad 1-,2- & 3**-leerders gebruik soggens by die skool die bushek. Die hek word om 07:30 oopgesluit en om **07:50** toegesluit.

herotel IGEN

- **Graad 3**-leerders verlaat die skool om 14:15 deur die **bushek.**
- **Graad 1- & 2**-leerders verlaat die skool om 12:40 deur die **klein hekkie.** Hulle word na die hekkie vergesel deur ‘n onderwyser. Die hekkie word oopgesluit en weer om 13:00 toegesluit. Ouers moet asseblief hul kinders betyds by skool kom haal. GEEN LEERDERS MAG WAG TOT 14:15 NIE, BEHALWE LEERDERS WAT VIR DIE SKOOLBUSSE WAG. Ouers moet asseblief vervoerreëlings met privaat vervoer tref.
- Elke klas is in 2 groepe verdeel – GROEP A en GROEP B. Die groepe sal op die klas se whatsapp- groep uiteengesit word.
- **Groep A begin op Maandag, 15 Februarie 2021 en groep B begin op Dinsdag, 16 Februarie 2021**

Graad 4,5,6,7,8,9,10,11:

Klasindeling:

Uit die aard van die omstandighede moes ons aanpassings aan die rooster en klasindelings maak. Dit werk as volg:

- Ons volg die 10-dagrooster soos uitgewerk vir 2021. U kind sal hierdie rooster ontvang.
- Elke klas is in 2 groepe verdeel. Die indeling van die groepe is op die klas se whatsapp-groep uiteengesit.
- Maak seker in watter groep u kind ingedeel is.
- Elke dagrooster word herhaal sodat albei groepe dieselfde onderrig kry. Die groepe kom op alternatiewe dae skool toe en die rooster word gevolg totdat die 10 dae voltooi is.
- GEEN leerder sal toegelaat word om tussen groepe te skuif nie.
- Daar sal geen saal en VCSV gedurende kwartaal 1 wees nie. Dag 1, periode 1 sal dus vir akademie aangewend word.
- Laerskool sportperiodes word met akademiese periodes vervang.
- Elke leerder sal 'n rooster ontvang vir die verandering van dag 1, periode 1. Die volgorde van die 10-dagrooster is ook daarop uiteengesit.
- **Groep A begin op Maandag, 15 Februarie 2021 en groep B begin op Dinsdag, 16 Februarie 2021.**

Graad 12

- Graad 12-leerders kom almal elke dag skool toe.

Covid-19-riglyne:

'n Leerder moet tuis bly indien hy/sy enige van die volgende simptome toon:

- Koors
- Hoes
- Rooi oë
- Asemhalingsprobleme
- Liggaamspyn
- Moegheid of swakheid
- Verlies aan reuk en smaak
- Naarheid
- Braking

herotel IGEN

Ouers moet die skool **dadelik** hiervan in kennis stel en 'n kliniek- of doktersertifikaat skool toe stuur. Ek vra asseblief alle ouers en leerders se samewerking in hierdie verband.

Addisionele veiligheidsreëlings om Covid 19 se verspreiding te beperk:
Indien **enige persoon in u huishouding** getoets is vir COVID-19 en u wag op u uitslag, moet u asseblief NIE u kind(ers) skool toe stuur nie. Sodra die uitslag **NEGATIEF** is, mag u kind(ers) weer skool toe kom. Indien die uitslag **POSITIEF** is, moet u en u huishouding vir ten minste 10 dae in isolasie wees. **Ek doen 'n vriendelike, dog ernstige beroep, op u, as ouers, om die skool in kennis te stel indien u kind afwesig is a.g.v. Covid-19-toetsing in u huishouding.**

HS McLachlan wend 'n poging aan om te keer dat die virus versprei. Ouers en leerders moet asseblief verantwoordelik optree – vermy sosiale kontak en dra maskers.

Geen persoon anders as leerders en beamptes (personeel) mag die skoolterrein betree sonder vooraf toestemming van die skoolhoof nie. Ouers moet asseblief die sekretaresse kontak vir 'n afspraak met die skoolhoof en personeel.

5. **Kwartaalprogram:**
   Die nuwe kwartaalprogram is vandag op die klas whattsapp-groepe geplaas.

6. **Kleredrag:**

SEUNS:
Somer: Graad 1 – 3
- Wit kortmouhemp
- Grys kortbroek
- Grys sokkies met skoolstrepe saam met grys kortbroek
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop of kaalvoet

OF

- Wit kortmouhemp
- Skoolsweetpak
- Grys sokkies
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop of kaalvoet

Somer: Graad 4 – 12
- Wit kortmouhemp
- Grys kort- of langbroek
- Grys sokkies met skoolstrepe saam met grys kortbroek
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop

DOGTERS:
Somer: Graad 1 -3
- Wit kortmouhemp
- Maroen rok
- Wit sokkies 5 cm omgevou
- Swart skoolskoene of kaalvoet

OF

herotel IGEN

- Wit kortmouhemp
- Skoolsweetpak
- Wit sokkies 5 cm omgevou
- Swart skoolskoene of kaalvoet

Somer: Gr. 4 – 12

- Wit kortmouhemp
- Maroen rok
- Wit sokkies 5 cm omgevou
- Swart skoolskoene

7. **Sport:**
   Daar sal geen sport wees nie, tot verdere kennisgewing.

7. **Busse :**
   Alle leerders wat van Hoërskool McLachlan en die Departement van Onderwys se busvervoerdiens gebruik maak, moet op die bus 'n masker dra.

   Bustye:

Plek:	Tyd: McL- en Baileybus	Optelpunt: Baileybus
Misgund	06:50	Royal / Petrolpompe
Louterwater	07:05	Gemeenskapsaal
Krakeel	07:20	Stevie (Begraafplaas)

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit